NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

17 Julie 2020: Nr 20/2020

Warm nuus

Hantering van trauma

By Woensdag se SDR-vergadering was daar 'n waardevolle bydrae rondom die hantering van trauma. *Prof. Alphonso Groenewald* van die Teologiese fakulteit en *dr. Liza Esterhuizen*, 'n kliniese sielkundige, het insette gelewer. Terwyl jy daarna luister gaan dit baie help as jy ook prof. Groenewald se *powerpoint* volg. **Kliek hier** daarvoor.

- **Kliek hier** om na die opname te luister.
- Prof. Groenewald se voordrag is baie sterk gebaseer op 'n baie insiggewende *artikel van Stulman*. **Kliek hier** om dit te lees.

Beide die sprekers is ook beskikbaar dat iemand hulle persoonlik sou kon kontak vir verdere gesprek. Hier is hulle kontakbesonderhede:
alphonso.groenewald@up.ac.za; 084 720 8102
lizahuizen@gmail.com; 082 992 9214.

Lentekonferensie 2020

Volledig aanlyn aangebied!
Datum: *14-18 September 2020*
Tema: 'n Roetekaart: Van wond tot verwondering
Navrae: excelsus@up.ac.za

Pensioenfonds en Covid-19

Kliek hier om te lees watter uitwerking Covid-19 op die opbrengste van die pensioenfonds gehad het.
Navrae: Ilana de Witt [ilana@simekaconsult.co.za] of Theo Smith [theo@pensioene.co.za]

Covid-19: Stories van Hoop

Ons wil graag in hierdie tyd verhale van hoop met mekaar deel. Gemeentes is welkom om stories van nie langer nie as 150 woorde en twee foto's vir Hermien te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- **Kliek hier** en lees hoe **CMR Noord** 'n verskil maak gedurende die inperkingstyd.

Sinodenuus

Slyp jou Covid-beitels

Die VBO-Forum, 'n gesamentlike inisiatief van Excelsus, Communitas en al die sinodes, het in die afgelope tyd verskeie **aanlyn kursusse** aangebied:
In die komende weke word die volgende kursusse aangebied:

* *22 Julie:* Verbeelding
* *5 Augustus*: Rassisme
→ Meer inligting hieroor sal later volg. Hou ook die Noordelike Sinode se facebook-blad dop.



* *5, 12, 19 en 26 Augustus:* Saamlees en bespreking van **Coenie Burger** se tydige nuwe boek '**Oop Deure - wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer'.** Die besprekings gaan Woensdagaande (5, 12, 19 en 26 Augustus) van 19:30-20:30 via Zoom plaasvind. Coenie Burger gaan ook aan die gesprek deelneem.
* Registreer vir hierdie boekbespreking by: https://forms.gle/PYWJZNrqDjKzMPaw7 - Registrasie sluit *3 Augustus*.
* Daar is geen koste vir die boekbespreking nie, maar belangstellendes moet slegs die boek self bestel.
* Die boek kan aanlyn bestel word by www.clf.co.za of per e-pos by order@clf.co.za of telefonies by 021 873 6964. Dit is ook te koop by CLF boekwinkels in Wellington en Bloemfontein en by Van Schaik boekwinkels in Hatfield (Pretoria), Potchefstroom en Stellenbosch.

❖ Excelsus:

1. **Sertifikaat in Bedieningsontwikkeling** - *Kursus gerig op predikante in die beginfase van hulle bediening*
   Module 6: *Hoe word 'n gemeente missionaal?*
   - *21-23 Julie 2020*
   - Aanlyn
   - 30 VBO-punte
   - Dr André Bartlett

2. **EKerk Digitale Learning Community**
   - **Datum:** *23 Julie 2020 – 10:00-12:30*
   - **Tema**: New church and relevant theology for a new time / Nuwe kerkwees en relevante teologie vir 'n nuwe tyd.
   - **Plek**: Aanlyn deur middel van video (jy het net 'n internetkonneksie nodig waar jy saam gaan kyk op video na die regstreekse uitsending van die dag. Neem asb kennis dat jy moet betaal en registreer om deel te neem. Geen betaling of registrasie, geen toegang.
   - **Koste**: R50 pp
   - **Sprekers**: Kliek hier
   - Daar sal **5 VBO-punte** toegeken word vir die bywoning van hierdie leergeleentheid.
   - **Registreer** deur hierdie skakel te volg: https://www.ekerk.org/digitallc23july2020
   - Indien jy enige vrae het, asb kontak vir pierre@ekerk.org.

3. **Sertifikaat in Bedieningsvernuwing** - *Kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening*
   Module 6: *Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens. [4e groep]*
   - *28-30 Julie 2020*
   - Aanlyn
   - 30 VBO-punte
   - Dr André Bartlett

4. **Brugbediening** - Die aanvanklike datums het geskuif na *9-12 November en 22-25 Februarie 2021*. Kontak gerus vir Christoph Müller van Groenkloof by cm1882@gmail.com / 082 308 5795 as jy meer oor Brugbediening wil weet.

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: Dinsdag *21 Julie* om 11:00
Skriflesing: Genesis 29:15-28
Zoom uitnodiging:
Join Zoom Meeting: https://zoom.us/j/92197671478?pwd=Sk0wc2ZyOHhxTVFmYkFWZmQ0R1A2UT09
Meeting ID: 921 9767 1478
Password: 453371

❖ Kursus in spirituele begeleiding:

Die Sentrum vir Spiritualiteit van die Ring van Suidoos-Pretoria van die NG Kerk nooi julle graag om vir die volgende kursus in te skryf.
Aansoeke sluit *30 September 2020*
Begindatum: *22 Februarie 2021*

- Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor ’n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Krugersdorp.
- Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die twaalfde een wees.
- **Kliek op die skakel** om die volledige inligting te kry: http://sentrumvirspiritualiteit.co.za/kursus-in-begeleiding/

Navrae by Willem Nicol, wnicol@mweb.co.za of 083 966 7831.

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Carl Schunke [Koedoesrand] se ma is oorlede.
Francois Smit [Pretoria] se ma is oorlede.
Gerard (GM) Booy [emeritus en vroeër leraar van onder andere Wonderboompoort en Daspoort] is onlangs op die ouderdom van 86 oorlede.

❖ Emeritaat

Eddie de Waal [Daspoort] het op 30 Junie, na 34 jaar diens by die Gemeente, sy emeritaat aanvaar. Hy bly op ‘n ‘n vastetermynkontrak aan by die gemeente.

❖ Covid-19 en ons mense

Liesel Krause-Wiid [Kameeldrif] se seun, Siebert (13 jaar) het positief getoets vir die virus en hulle as gesin is onder self-isolasie. [https://www.facebook.com/LieselKrauseWiid]
Naude Kritzinger [Wonderboompoort], sy vrou Erna en hulle seun Sarel is positief getoets vir die virus en tans onder self-isolasie. [https://www.facebook.com/Naude.Kritzinger]

❖ Verjaarsdagwense

Neem asseblief kennis dat die persone wat in hierdie week [17/07 – 24/07] verjaar, se name reeds in verlede week se Verskil [10 Julie] verskyn het. Om die verjaarsdag-ritme te korrigeer plaas ons dus geen verjaarsdae hier nie, maar die name van persone wat in die week van 25/07-31/07 verjaar sal in volgende week se Verskil [23 Julie] verskyn. Dankie vir julle begrip en jammer indien dit dalk enige ongerief vir iemand veroorsaak het.

Ander nuus

❖ Bybel-Media nuus:

Spesiale voorverskyningsaanbod vir individue - Bestel ***Uit die Beek 2021*** voor *30 Julie 2020* om dit teen die spesiale prys van R200 te ontvang.
Goeie nuus vir Bybelstudiegroepe - Bybel-Media bied hierdie gewilde Bybeldag-boek met ’n verdere uitstekende afslag vir Bybelstudiegroepe aan. Koop 5 dagboeke en kry die 6de een gratis! Jy betaal dus slegs R179,00 per boek.
Bestel voor *30 Julie* om te verseker dat julle Uit die Beek 2021 teen hierdie uitstekende prys ontvang.
* Klik hier om meer te lees en te koop.
* **Inligting, Navrae en Diensverskaffing**:
  • Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
  • Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za

Naskrif

Prayer
The world's
greatest
wireless
connection